

---

**JAMESTOWN ERFENIS / HERITAGE**  
**1902 – 2021**  
*JAAR • 119 • YEARS*  
**JAMESTOWN > WEBERSVALLEI > JAMESTOWN**  
*“n STUKKIE VAN DIE PARADYS”*

---

**JAMESTOWN ERFENIS**

SKRIFTELIKE VOORLEGGING VIR MONDELINGE APPEL VERHOOR: 27 MEI 2021

26 MEI 2021

**KOMMENTAAR: Beswaar teen ontwikkeling van Gedeeltes 52, 53, 54 & 71 van die plaas Blaauwklip no. 510, Jamestown, Afdeling Stellenbosch**

**Aansoeknommer: LU/8567**

**Munisipale Lêerverwysingsnommer: Erf 510/52, Jamestown**

**Aansoeker Verwysingsnommer: 3527-P**

**JAMESTOWN ERFENIS**

1. Hiermee staan ons as Jamestown Gemeenskap die voorgenome HOËDIGTHEIDS-ONTWIKKELING op Gedeelte 52, 53, 54 & 71 (LANDBOUSONE) van die plaas Blaauwklip no. 510, Jamestown, Afdeling Stellenbosch asook enige ander soortgelyke aansoeke ten sterkste teen en teken beswaar aan in belang van die aansienlike sterk historiese en selfs sterker Erfenis-waarde wat aan hierdie erwe geheg word.
2. Die Landbouzone / “watererven” in Jamestown is wat hierdie dorp uniek maak en laat uitstaan bo ander omliggende dele en dorpies van Stellenbosch. Dit is deel van die dorp en gemeenskap se unieke Historiese, Landbou en Kulturele Erfenis en Erfporsies. Ons as gemeenskap wil hierdie uniekheid graag behoue laat bly. Deur steeds voort te gaan met die beplande hoëdigheids ontwikkeling op Jamestown Landbou zone gaan beslis die dorpskarakter en erfenis waarde van hierdie unieke dorpie totaal en al vernietig.

**JAMESTOWN ERFENIS KOMITEE • Kontak: [jamestownerfenis1902@gmail.com](mailto:jamestownerfenis1902@gmail.com) / [chrisbenjf@hotmail.com](mailto:chrisbenjf@hotmail.com) / 083 406 1102**  
**Facebook: <https://www.facebook.com/JamestownErfenis1902/> • <https://www.facebook.com/JamestownStrawberryFestival>**



---

**JAMESTOWN ERFENIS / HERITAGE**  
**1902 – 2021**  
*JAAR • 119 • YEARS*  
**JAMESTOWN > WEBERSVALLEI > JAMESTOWN**  
*“n STUKKIE VAN DIE PARADYS”*

---

3. Goedkeuring van hierdie ontwikkeling gaan beslis 'n presedent skep vir soortgelyke toekomstige aansoeke.
  
4. Weens onbekostigbaarheid en hoë belasting tariewe agv Gentrifikasie staar die huidige en toekomstige nageslagte weereens “gedwonge verskuiwing” in die gesig in die sin dat talle erfhouers geen keuse het en gaan hê as om te verkoop of selfs hul eiendom verloor weens onbekostigbaarheid en addisionele lenings wat aangegaan moet word.
  
5. Die historiese Apartheids-regering se rasse klassifikasies en Groepsgebiede stelsels en gepaardgaande onderdrukking word nou vervang deur die Gentrifikasie proses en gepaardgaande Ekonomiese vooruitgang van gegoede Multi-miljoen Rand ontwikkelaars / Aandehouers teenoor Ekonomiese onderdrukking van die langbestaande historiese Middel- / Laer- en selfs geen inkomste gemeenskap wat reeds onder geweldige druk is. Vir verdere kennisname: Die langbestaande historiese Erfhouers waarna verwys word het die Erwe by hul ouers en voorouers ge-erf. Baie van hierdie Erfhouers, waarvan baie middel- tot laer- inkomste gesinne (en selfs minimal / minimum inkomste (SASSA) sal dus nie eiendom in Jamestown kan koop of bekostig nie weens hul ekonomiese situasies.
  
6. Een van die redes vir die herbekendstelling en herlewing van die Jamestown Aarbeifees deur die Webers Toerisme Netwerk in 2015 is juis om ons aarbei- en ander kleinboerdery gemeenskap se erfenis te vier en ook om die bestaande en nuwe opkomende kleinboere aan te moedig om voort te gaan met boerdery aktiwiteite op die landbou-erwe. Die jaarlikse fees gedurende die eerste naweek in November skep natuurlik ook die platvorm vir kleinboere om hul aarbeie en ander vars produkte te

**JAMESTOWN ERFENIS KOMITEE** • Kontak: [jamestownerfenis1902@gmail.com](mailto:jamestownerfenis1902@gmail.com) / [chrisbenjf@hotmail.com](mailto:chrisbenjf@hotmail.com) / 083 406 1102  
**Facebook:** <https://www.facebook.com/JamestownErfenis1902/> • <https://www.facebook.com/JamestownStrawberryFestival>



---

**JAMESTOWN ERFENIS / HERITAGE**  
**1902 – 2021**  
*JAAR • 119 • YEARS*  
**JAMESTOWN > WEBERSVALLEI > JAMESTOWN**  
*“n STUKKIE VAN DIE PARADYS”*

---

verkoop. Die Jamestown Aarbeifes skep die grootste platform vir die blootstelling van Jamestown se unieke erfenis en geskiedenis. Deur voort te gaan met die ontwikkeling gaan dit beslis 'n einde bring aan ons unieke kleinboerdery aktiwiteite wat op sy beurt 'n einde gaan bring aan die daarstelling van die jaarlikse Jamestown Aarbeifes gedurende in November. Sederd die daarstelling van die Aarbeifes was daar met verskeie (nuwe) kleinboerdery projekte begin, onder andere: Jamestown Flower Farm, Usiko Boerdery projek, gemeenskaps Boerdery projek.

7. Met die daarstelling van vorige en bestaande Multi-Miljoen Rand ontwikkelings vir aansienlike Hoër-inkomste groepe, insluitende: Le Clemence, Stellenbosch Square, Stellenpark Business Park, Blaauwklip Office Park and Aan de Weber, was die bestaande dorps bestuur / verteenwoordigers en selfs die gemeenskap nie noodwendig bewus van die negatiewe ekonomiese invloed hierdie ontwikkelings vir die lang termyn in gaan hou in terme van buitensporige verhogings van eiendomswaardasies en gepaardgaande Belastings-tariewe nie. Hierdie bogenoemde ontwikkelings word ook histories bestempel as buite die grense van Jamestown. Histories begin Jamestown se grense dus net na Le Clemence (Oorspronklik: “GOOD HOPE FARM – Deel van die plaas Blaauwklip”). Met die huidige aansoek is dit dus nou duidelik dat die gevolge van Gentrifikasie, na plus minus 20 jaar beslis negatief vir die langbestaande historiese inwoners en hul nageslagte is en gaan wees.
  
8. Jamestown gemeenskap versoek dus dat Blaauwklippen sy aansoek sal heroorweeg en terugtrek in belang van ons historiese Jamestown gemeenskap, ons erfenis en ons voortbestaan. Aan die einde van die dag moet daar 'n beluit geneem word tussen Ekonomiese vooruitgang vir die plaas teenoor onderdrukking en afbreuk van die dorpie se unieke erfenis en karakter.



---

**JAMESTOWN ERFENIS / HERITAGE**  
**1902 – 2021**  
*JAAR • 119 • YEARS*  
**JAMESTOWN > WEBERSVALLEI > JAMESTOWN**  
*“n STUKKIE VAN DIE PARADYS”*

---

9. Hiermee hoop ons as Jamestown gemeenskap ook verder dat Stellenbosh Munisipaliteit die aansoek vir hersonering en ontwikkeling in belang van die langsbestaande historiese Jamestown gemeenskap, ons erfenis en ons voortbestaan as kleinboere en belastingbetalers heroorweeg en selfs afkeur.
10. Ten einde moet daar besluit word tussen ekonomiese vooruitgang van die plaas Blaauwklip en aandeelhouers teenoor die langs-bestaande historiese gemeenskap van Jamestown en ons unieke karakter, landbou-, kulturele, historiese erfenis waardes en voortbestaan daarvan.

**JAMESTOWN ERFENIS KOMITEE** • Kontak: [jamestownerfenis1902@gmail.com](mailto:jamestownerfenis1902@gmail.com) / [chrisbenjf@hotmail.com](mailto:chrisbenjf@hotmail.com) / 083 406 1102  
**Facebook:** <https://www.facebook.com/JamestownErfenis1902/> • <https://www.facebook.com/JamestownStrawberryFestival>



---

**JAMESTOWN ERFENIS / HERITAGE**  
**1902 – 2021**  
*JAAR • 119 • YEARS*  
**JAMESTOWN > WEBERSVALLEI > JAMESTOWN**  
*“n STUKKIE VAN DIE PARADYS”*

---

**JAMESTOWN ERFENIS KOMITEE** • Kontak: [jamestownerfenis1902@gmail.com](mailto:jamestownerfenis1902@gmail.com) / [chrisbenjf@hotmail.com](mailto:chrisbenjf@hotmail.com) / 083 406 1102  
**Facebook:** <https://www.facebook.com/JamestownErfenis1902/> • <https://www.facebook.com/JamestownStrawberryFestival>

